

BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY

VISIE:

**Bergrivier: 'n
voortuitstrewende
gemeenskap waar almal wil
leef, werk, leer en speel op
'n menswaardige manier.**

VISION:

**Bergrivier: a prosperous
community where all want to
live, work, learn and play in
a dignified manner.**



KERN WAARDES / CORE VALUES

**We are all part of Bergrivier
Municipality.
We render good services to ensure
dignified living to all.
We are unashamedly pro-poor.
We believe in close innovative
partnerships.
We believe in social and economic
development of our area.
We care about our work and our
colleagues.
We are disciplined.
We believe in good relationships.
We serve with pride.**

NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG

LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

Rdh. A de Vries	[DA]	-	Speaker
Rdh. EB Manuel	[DA]	-	Uitvoerende Burgemeester
Rdd. SM Crafford	[DA]	-	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdh. RM van Rooy	[DA]		
Rdl. J Daniels	[DA]		
Rdl. AJ du Plooy	[DA]		
Rdl. MA Wessels	[DA]		
Rdl. A Small (Me.)	[DA]		
Rdl. SS Lesch (Me.)	[ANC]		
Rdd. SIJ Smit	[ANC]		
Rdl. BJ Claasen	[ANC]		
Rdh. J Swart	[ANC]		
Rdl. SR Claassen	[ANC]		

AMPTENARE

Adv. H Linde	-	Munisipale Bestuurder
Mnr. JWA Kotzee	-	Direkteur Korporatiewe Dienste
Mnr. GJ Goliath	-	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr. H Kröhn	-	Direkteur Tegniese Dienste
Me. A van Sittert	-	Bestuurder: Strategiese Dienste
Me. Z Julius	-	Assistent: Interne Ouditeur
Mnr. NJ Scheepers	-	Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste
Me. AA Somers	-	Klerk: Komitee Dienste

AKSIE

RVN001/08/2017

OPENING EN VERWELKOMING

Dr. Llewellyn McMaster van die Verenigende Gereformeerde Kerk, Belhar, open die vergadering met skriflesing en gebed.

Die Speaker verwelkom almal teenwoordig by die vergadering.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die Speaker van die Weskus Distriksmunisipaliteit, afvaardigings van die media en lede van die publiek.



RVN002/08/2017

AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID

3/3/1/4

Interne Ouditeur - kraamverlof

RVN003/08/2017

UITSLAG VAN OVK

3/1

Die Munisipale Bestuurder (MEO vir Bergrivier) lees die amptelike uitslag voor van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) met betrekking tot die tussenverkiesing in wyk 5, wat plaasgevind het op Woensdag 23 Augustus 2017.

Voorts meld sy dat Mnr. BJ Claasen vandag as nuutverkose Raadslid van Bergrivier Munisipaliteit ingehuldig word, waarna sy hom vergesel om sy inhuldigingskers op te steek en sy belofte as raadslid af te lê.

KENNIS GENEEM

RVN004/08/2017

AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR NUUTVERKOSE RAADSLID

3/3/1/4

Raadslid BJ Claasen lê die eed af en word ingesweer as 'n raadslid van Bergrivier Munisipaliteit.

Ten slotte bied die Speaker die nuutverkose Raadslid die geleentheid om 'n kort toespraak te lewer en tyd om fotos te neem en sy gaste te vergesel.

(Die vergadering verdaag om 14:25 en hervat om 14:40)

RVN005/08/2017

BEKENDSTELLING VAN RAADSLID

3/1

Die Speaker en Munisipale Bestuurder verwelkom amptelik die nuutverkose Raadslid, waarna Raadslid Daniels hom geluk en sterkte toewens namens die Demokratiese Alliansie.



NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017
OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE,
KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN006/08/2017

VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)

3/3/1/6

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot items op die agenda het nie.

RVN007/08/2017

BEKRAGTING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 25 JULIE 2017

3/3/2/2

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 25 Julie 2017 bekragtig word.

**KLERK: KOMITEE
DIENSTE
(AA SOMERS)**

RVN008/08/2017

IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUIE: TERUGVOER VAN MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE RAADSBESLUIE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2017

3/3/2/2

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee bondige terugvoer oor die implementering van die Raadsbesluite, ter inligting aan die Raad.

Verder meld die Munisipale Bestuurder dat die nuutaangestelde Direkteur Gemeenskapsdienste amptelik alle Raadsvergaderings sal bywoon vanaf Vrydag 01 September 2017.

KENNIS GENEEM

RVN009/08/2017

SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

3/3/2/2

Geen

RVN010/08/2017

VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER

3/3/1/6

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF:

Dat die Direkteur Tegnieese Dienste op Sondag 03 September 2017 verjaar, waarna hy hom geluk en sterkte toewens.



NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017
OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE,
KERKSTRAAT, PIKETBERG

LEED:

Dat ons afgetrede kollega, Isak Wiese (Oom Sakkie) oorlede is; en

Dat die moeder van Raadslid Daniels oorlede is, waarna hy 'n minuut van stilte bied ter nagedagtenis aan die oorledenes.

RVN011/08/2017
ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS
15/15/5

Geen

RVN012/08/2017
MOSIES / VRAE
3/3/1/1, 3/3/1/2

Geen

RVN013/08/2017
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: WATERKRISIS IN DIE WES-
KAAP**
9/1/2

(’n Visuele voorlegging word gedoen)

Die Munisipale Bestuurder lig die komitee in dat die Premier op 24 Mei 2017, ooreenkomstig artikel 41(1) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002) in Provinsiale Koerant 7771, afgekondig het dat die Wes-Kaap as ‘n rampgebied verklaar word weens die omvang en erns van die droogte wat die Provinsie raak.





Op 4 Augustus 2017 is PK 150/2017 ingevolge artikel 41(2) van genoemde wet, in Provinsiale Koerant 7801 afgekondig, wat duidelike beperkings plaas op die drinkbare en grootmaat wateraankope.

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en neem die Raad deur die voorlegging en meld dat hy die voorlegging elektronies aan die volle Raad sal versprei.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Munisipale Bestuurder versoek dat voorstelle van die Raadslede skriftelik aan die Direkteur Tegniese Dienste voorsien word, sodat hy dit kan bywerk en die implementeringsplan gereeld opdateer en kommunikeer met die volle Raad.

KENNIS GENEEM





NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017
OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE,
KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN014/08/2017

VERHURING VAN MUNISIPALE GROND: 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 56 VAN PLAAS EENDEKUIL NO. 71, AFDELING PIKETBERG ('N GEDEELTE VAN EENDEKUIL GEMEENSKAPSAAL) EN ERF 3291, PIKETBERG
(LÛER VERW.: PB. 3291 & PLAAS NO. 71/56)

Die Portefeulje Voorsitter lei die item in en neem die Raad deur die aanbeveling.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad geneem

BESLUIT

1. Dat 'n Gedeelte van Gedeelte 56 van Plaas Eendekuil no. 71, afdeling Piketberg (Gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal) en Erf 3291, Piketberg nie vir munisipale dienslewering nodig word nie;
2. Dat die Raad se voorneme om 'n Gedeelte van Eendekuil Gemeenskapsaal en Erf 3291, Piketberg, aan Klikbakkies asook Babbel & Krabbel Bewaarskole onderskeidelik te verhuur vir 'n tydperk van drie jaar, geadverteer word vir 14 dae en indien geen besware ontvang word nie, daar voortgegaan word met die verlenging van die bestaande huurkontrak vir 'n addisionele termyn van drie jaar;
3. Dat die verlenging onderhewig is aan dieselfde bepalings soos vervat in huidige kontrakte asook dieselfde huurbedrae; en
4. Dat enige probleme wat ten opsigte van die geskiktheid van die perseel ondervind word aan die administrasie personeel rapporteer word.

RVN015/08/2017

TIME SCHEDULE OF KEY DEADLINES (PROCESS PLAN) 2018/19 IDP REVIEW 2018/19, 2019/20 AND 2021/22 BUDGET
15/1/5/5

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en hou die skedules van datums vir 2017/2018 voor aan die Raad.

Die Bestuurder: Strategiese Dienste lig etlike wysigings uit ter inligting aan die Raad.

Ten slotte bedank die Munisipale Bestuurder die Speaker en die Bestuurder: Strategiese Dienste tesame met haar span vir alle insette gelewer.

The undermentioned resolution was taken unanimously by Council

RESOLUTION

1. That the Time Schedule of Key Deadlines be approved for the 2017/2018 financial year; and
2. That the approved Time Schedule of Key Deadlines be advertised and placed on the municipal website.

**BESTUURDER:
BEPLANNING EN
ONTWIKKELING**

**MANAGER:
STRATEGIC
SERVICES**



RVN016/08/2017

MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2017

The undermentioned resolution was taken unanimously by Council

RESOLUTION

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for May 2017.

RVN017/08/2017

MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2017

The undermentioned resolution was taken unanimously by Council

RESOLUTION

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for June 2017.

RVN018/08/2017

BESLUIT VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING

3/2/1/3

Geen

RVN019/08/2017

NOTULES VAN DIE WYKSKOMITEES VIR KENNISNAME

3/2/1/3

Die Speaker bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir die volledige verslagdoening van die werksaamhede van die komitees asook die verbintenis van wyksraadslede tot die effektiewe funksionering van wykskomitees.

BESLUIT

Dat die komitee kennis neem van die Wykskomitee notules, soos voorgelê.



NOTULE VAN DIE RAADVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2017
OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE,
KERKSTRAAT, PIKETBERG

RVN020/08/2017

AANWYSING VAN LEDE VAN ARTIKEL 80 EN ARTIKEL 79 KOMITEES

3/2/2

Die Speaker lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester bevestig mondelings die lede van die staande komitees.

Die onderstaande komitees is eenparig deur die Raad aanvaar

BESLUIT

TEGNIESE DIENSTE	KORPORATIEWE DIENSTE	FINANSIËLE DIENSTE	GEMEENSKAPS-DIENSTE
Rdl. MA Wessels (Voorsitter)	Rdh. RM van Rooy (Voorsitter)	Rdd. SM Crafford (Voorsitter)	Rdl A du Plooy (Voorsitter)
Rdl. A Small (Me.)	Rdl. J Daniels	Rdl. J Daniels	Rdh. RM van Rooy
Rdl. A du Plooy	Rdd. SM Crafford	Rdl. MA Wessels	Rdl. MA Wessels
Rdh. RM van Rooy	Rdl. A du Plooy	Rdh. RM van Rooy	Rdl. A Small (Me.)
Rdl. SR Claassen	Rdl. SS Lesch (Me.)	Rdd. SIJ Smit	Rdl. BJ Claasen

**DIREKTEUR
KORPORATIEWE
DIENSTE**

RVN021/08/2017

IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD

3/2/1/3

Geen

RVN022/08/2017

BESLUIE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD

Geen

**DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:05
BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.**

**VOORSITTER
(SPEAKER)**

DATUM
